# VOORKOM VERTRAGINGS MET DIE AFHANDELING VAN U BOEDEL

## A) HERSIEN GEREELD U TESTAMENT EN BEWOORD HOM NOUKEURIG

- Doen gereeld boedelbeplanning
- Pasop vir dubbelsinnige stellings en / woorde
- Hersien testament gereeld, veral na :
    - Egskeidings
    - Sterftes
    - Verkoop / vervreemding van wesentlike bates
- **MAAK SEKER DAT U NABYE FAMILIE WEET WAAR JY JOU TESTAMENT HOU**
- **DIE INHOUD VAN 'N TESTAMENT IS VERTROULIK EN NIEMAND HOEF TE WEET WAT DAARIN STAAN NIE**

## B) STAPPE OM TE VOLG NA AFSTERWE VAN 'N FAMILIELID :

- Boedel aanmelding
    - al die voltooide en getekende aanmeldingsdokumente, doodsertifikaat en die oorspronklike testament en kodisille moet by die Meester van die Hooggeregshof ingedien word
- Die Meester van die hof stel dan die Eksekuteur amptelik aan
- Oponthoude kan veroorsaak word indien daar nie 'n geldige testament is nie of as die benoemde Eksekuteur nie sy benoeming aanvaar nie
- Eers na die amptelike aanstelling van die Eksekuteur deur die Meester kan die Eksekuteur begin om met die boedelbates te handel
- Voorkom vertragings by die aanmeld van die boedel deur te verseker dat al die verlangde dokumente geredelik beskikbaar is en dat alle dokumente so gou as moontlik aan die Eksekuteur oorhandig word

# C) DIE VOLGENDE IS TIPIESE PROBLEME WAT IN DIE BEREDDERINGSPROSES KAN VOORKOM:

## 1. KONTANTTEKORTE

- Voorsiening moet gemaak word vir voldoende kontant in die boedel om onkostes te betaal soos bv. :
  - uitstaande belastings
  - boedel administrasie koste
  - krediteure tot en met datum van afsterwe
  - eksekuteursgelde
  - meesters gelde
- Geen kontant of ander bates mag deur die Eksekuteur uitbetaal of oorgeplaas word totdat hy nie seker is dat daar geen kontant tekorte gaan wees nie
- Indien daar nie voldoende kontant beskikbaar is nie, kan dit meebring dat die Eksekuteur die ander boedelbates, soos byvoorbeeld ‘n huis, moet verkoop om kontant in die boedel te kry
- Daar kan ook van die erfgename verwag word om ‘n kontant bydrae te maak indien hulle nie wil hê dat die Eksekuteur die vaste bates moet verkoop nie
- Die tekort aan kontant kan tot ‘n mate beperk word deur voldoende lewensversekering te hê waarvan jou boedel as begunstigde benoem is
- Dit is belangrik om saam met ‘n kenner te sit om te verseker dat daar wel genoeg kontant in jou boedel beskikbaar gaan wees by afsterwe

## 2. SWAK DIENSLEWERING

- Die Eksekuteur is van onder andere die volgende instellings en organisasies afhanklik om hul werk te doen :
  - Die Meester van die Hooggeregshof
  - Ontvanger van Inkomste – alle uitstaande persoonlike opgawes moet eers voltooi word
  - Aktekantoor
  - Versekerings maatskappye
  - Banke en ander finansiële instellings

- Oorledene se boekhouer (indien van toepassing)
- Ongekwalifiseerde / onbevoegde eksekuteur – dit help nie om testamentêr jou man / vrou / kind as Eksekuteur aan te stel terwyl hulle geen idee het van die prosesse van boedelbereddering nie!

**Aan die einde van die dag mag dit jou dalk meer kos om nie van die begin af 'n gekwalifiseerde Eksekuteur aan te stel nie, aangesien 'n Agent wat die Eksekuteur moet bystaan nie onderhewig is aan die maksimum toegelate Eksekuteurs fooi nie.**

**DIT IS BAIE BELANGRIK OM VAN DIE BEGIN AF 'N GEKWALIFISEERDE EN KUNDIGE EKSEKUTEUR AAN TE STEL**

## 3. ONDERHOUDSEISE

- Eise weens 'n egskeidingsbevel en onderhoud van langslewende gades en afhanklikes kan soms maande duur om tussen die partye uit te stryk
- Dit kan grootliks vermy word as al die voorwaardes van 'n skikkingsooreenkoms gedurende die leeftyd van die erflater nagekom word

## 4. TWIS TUSSEN ERFGENAME

- Erfenis is 'n voorreg en nie 'n reg nie, maar dit veroorsaak nogtans baiekeer struwelinge tussen familielede
- Dit kan grootliks voorkom word deur nie net 'n algemene klousule te gebruik soos bv. ***"Al die meubels moet gelykop tussen die kinders verdeel word"*** nie, maar om dalk meer spesifiek te wees in jou testament met die spesifieke toedeling van sekere meubelstukke aan sekere erfgename

## 5. TESTAMENTÊRE TRUSTS

- Maak sover as moontlik seker dat jy bevoegde en gewillige Trustees aanstel wat nie gediskwalifiseer is om as 'n Trustee op te tree nie
- Maak seker dat daar voldoende bates is wat aan die Trust oorgedra gaan word om die trustkostes te dek
- Die Eksekuteur kan nie die boedel afhandel totdat al die geidentifiseerde bates nie aan die Trust oorgedra is nie
- Probeer om altyd ten minste een onafhanklike en professionele Trustee aan te stel – dit is gewoonlik 'n goeie idee om die Eksekuteur, mits dit 'n professionele Eksekuteur is, as Trustee te benoem

## 6. DIVERSE PROBLEME WAT ONDERVIND KAN WORD:

- Waar is die erfgename?
- Eksekuteur wat nie opgespoor kan word nie
- Erfgename wat voor jou te sterwe kom – hersien jou testament gereeld
- Erfgename wat afstand van hul erfgedeelte doen sonder dat daarvoor testamentêr voorsiening getref is
- Vooroorlede gades of geskeides
- Die inligting van 'n vooroorlede se boedel moet aan die Eksekuteur beskikbaar gestel word asook die besonderhede van alle vorige egskeidings bevele
- Samewerkings / aandeelhouers kontrakte in alle gevalle waar die oorledene sakebelange saam met 'n ander persoon / persone bedryf het
- Onafgehandelde hofgedinge

Die meeste van die voorafgaande probleme kan vermy word deur **GEREELD** jou testament te laat hersien en deur van 'n **gekwalifiseerde Eksekuteur** gebruik te maak om jou boedel te finaliseer.


## ONS IS GEKWALIFISEERD OM :

* U TE HELP MET DIE OPSTEL VAN 'N GELDIGE TESTAMENT
* U TE HELP MET DIE HERSIENING VAN U TESTAMENT
* AS 'N PROFESSIONELE EKSEKUTEUR OP TE TREE
* AS 'N PROFESSIONELE ONAFHANKLIKE TRUSTEE OP TE TREE



**KANTOOR :** (011) 955-5112
**WEBBLAD :** https://www.trigonestate.co.za
**EPOS :** info@trigonestate.co.za
albertus@trigonestate.co.za
admin@trigonestate.co.za
**FACEBOOK :** https://www.facebook.com/www.trigonestate.co.za